# KAROO HOOGLAND
## MUNISIPALITEIT

## *AANSTELLING: LEDE VAN OUDITKOMITEE*
**VERWYSINGSNOMMER : KHM 006/010/2017**

In ooreenstemming met die bepalings van Artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, moet elke Munisipaliteit 'n Ouditkomitee saamstel wat 'n onafhanklike liggaam is, wat die Raad en Munisipale Administrasie moet adviseer oor interne oudit-aangeleenthede.

Aansoeke word ingewag van potensiële kandidate, verkieslik inwonend in die Karoo Hoogland Munisipale Area, wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding (soos hieronder gelys) beskik om op die Ouditkomitee van die Munisipaliteit te dien.

**Minimum kwalifikasies en ondervinding:**

- Geskikte kandidate moet oor 'n toepaslike tersiêre kwalifikasie beskik in Rekenkunde / Ouditkunde / Finansiële Bestuur / Prestasie Bestuur / Risiko Bestuur.
- Bewys van ondervinding in enige van die volgende: Rekeningkunde, Finansiële Bestuur, Prestasie Bestuur
- Goeie begrip van Plaaslike Regering

**Vergoedingspakket:**
Die Ouditkomitee vergader kwartaalliks en word per sitting vergoed.

**Sluitingsdatum:**
30 Oktober 2017

Skriftelike aansoeke in CV formaat tesame met stawende bewys van kwalifikasies en ander ondersteunende dokumentasie moet voor of op sluitingsdatum vir Me Christelle Viljoen by die kantoor van die Munisipale Bestuurder bereik. Aansoeke moet duidelik gemerk wees: "*Aanstelling: Lede van Ouditkomitee*".

**Aansoeke per faksimilee of epos sal nie aanvaar word nie.**

Navrae: karooadmin@karoohoogland.gov.za

B.J. Swartland (Waarnemende Munisipale Bestuurder)
Karoo Hoogland Munisipaliteit
Mulderstraat 7
Privaatsak X03
Williston, 8920
Tel. 053 3913 003
Datum: 6 Oktober 2017